

## Boekbespreking / Book Review

---

Nie- Fiksie

*Knowledge in the Blood – Jonathan D Jansen*

Subtitel: Confronting Race and the Apartheid past

Uitgewer: Stanford University Press, Stanford, California

UCT Press, Landsdowne, Cape Town

Bladsye: 337

ISBN: 278-1-91989-520-8

Prys: R254.00

Vier uit vyf sterre

### Resensent: Michael le Cordeur

Die agent vir verandering word toe self getransformeer.

Voordat ons finaal kan afskeid neem van Apartheid is dit nodig dat Suid-Afrikaners openlik praat oor die verlede, hul pyn, hul ontugtering en hul skuldgevoelens. Maar dit is nie so maklik nie, – soos ons in hierdie verruklike boek van Jonathan Jansen sal sien: *because human beings do not willingly release painful memories* (p.275).

Die boek is enersyds 'n outobiografie van Jansen se eie transformasie, en andersyds 'n sosio-politieke weergawe van dalk die belangrikste hoofstuk in ons land se geskiedenis: die transformasie na Apartheid. Dis 'n boek oor die stryd vir verandering en wat dit aan mense doen, spesifiek Jansen se wit Afrikanerstudente en hoe hulle hierdie veranderinge ervaar in terme van hul gedeeltelike oorgeërfde kennis en hul gevolglike onseker toekoms.

Dis 'n boek oor jongmense wie se samelewing hulle nooit gereed gemaak het vir die trauma wat gepaard sou gaan met die emosies van verlies en verandering nie. 'n Jeug wie se enigste anker in die lewe – die kennis wat deur hul ouers aan hulle oorgedra is, met ander woorde, *die kennis in hulle bloed* – sonder waarskuwing van hulle weggeneem is net voordat hulle by Tukkies aankom.

Maar dan ontmoet hulle vir Jansen en gebeur die onverwagse: die eerste swart dekaan van Tukkies wat in Junie 2000 van voorneme was om “die boere” te transformeer, word toe self getransformeer. Onder meer sou Jansen ontdek hoe meer jy bemoeienis maak met jou studente, hoe meer begin jy hulle verstaan, waardeer en liefhê (p.277) en sou hy uitvind hoe onskuldige jongmense slagoffers word van die *indirekte kennis* waarmee hulle grootgeword het.

Nie net is die wit studente gelei om hul eie rol in die nuwe Suid-Afrika te begryp nie, dit verander ook die skrywer se voorafopgestelde opinie oor hierdie groep. Dat dieselfde met lesers sal gebeur, lei by my nie die minste twyfel nie.

Dat Jansen met sy kop omhoog uit hierdie een-in-'n-leeftyd ervaring kon kom, was juis omdat sy studente dáár was vir hom: danksy hulle inspirasie, kon hy krag vind om die proses deur te sien. Dis sy studente wat Jansen help met die oorgang van *outsider* na *insider*. Die spanning tussen óf hy 'n buitestaander moet bly óf deel moet word van die binnekring, is een van die intriges wat hierdie leser enduit geboei het; juis omdat dit so relevant is vir almal wat gemoeid is met transformasie.

Jansen deel ook 'n paar dwarsklappe uit: die Afrikaanse media word herinner aan hulle aandeel in Apartheid (p.47), swart skole is op enkele uitsonderings na chaotiese instansies, die Engels-

sprekende Suid-Afrikaners wat dikwels hulle aandeel in Apartheid ontken, word herinner dat *there was simply no way in which Apartheid could be sustained without overwhelming support ... of English-speaking whites*, (p.37), en hy merk sinies op dat jy na 1994 bykans geen Afrikaner kry wat vir die NP gestem het nie (p39).

Die boek is nie foutloos nie : Jansen se neiging om homself op die skouer te klop (*dankie prof vir wat u vir my gedoen*, p.277) sal 'n paar wenkbroue laat lig. Plek-plek is die skeidslyn tussen die outobiografie en 'n persoonlike beeldpoetsery van die persoon Jansen, baie vaag. Sy teoretiese aangeplakkery is ook steurend.

Hy maak ook growwe veralgemenings en verwys dikwels na *Afrikaanse* studente terwyl hy eintlik *Afrikaner*studente bedoel. Hierdie nie-wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner wil dit uitskree: *Afrikaans is nie gelyk aan Afrikaners* nie! Jansen noem heel tereg dat Afrikaanse skole uitstekende leersentrums is, maar kon meer fokus op *swart Afrikaanse* skole van uitnemendheid. En tog, as tussen die lyne gelees word, het hy self baie emosionele dwarsklappe moes deurmaak, maar hieroor rep hy geen woord nie.

Die boek is nie 'n finale weergawe van die Afrikanerjeug se belewenis van apartheid en transformasie nie: *This study on white Afrikaner children, their knowledge... barely scratches the surface* (p.113).

As akademiese polemieker het die boek beslis waarde, en die laaste hoofstuk beïndruk. Hy sluit af met 'n visioenêre einde as die agent vir verandering “ sy droom sien waar word”. By die gradeplegtigheid lewer twee studenteiers, 'n pragtige swart meisie en 'n aantreklike Afrikaner jongman roerende toesprake oor transformasie. Die skrywer gebruik hierdie metafoor – alhoewel effens geforseerd – om die leser te oortuig dat daar tog hoop is; vir Tukkies, én vir Suid-Afrika soos vergestalt in die lirieke van die koor se slotlied:

Our country's strong, our country's young  
And her greatest songs are still unsung.

*Knowledge in the Blood* bring hoop in 'n tyd waar mense toenemend *hoop-loosheid* ervaar en sal hopelik ander akademiese aanspoor om van hul eie inhibisies ontslae te raak. Elke dosent in Suid-Afrika behoort die boek op sy rak te hê.

**Dr Michael le Cordeur doseer Afrikaans Didaktiek aan die Universiteit van Stellenbosch**